Publication: SAKE (Rapport)
Date: 2015-08-16
Page: 3

# Ekonomie kán groei, selfs al is land se onderwys swak

Johan Fourie



**Insentiewe & dinge**

Wie onthou nog die *Kennis*-reeks wat byna in elke Afrikaanse huis op die boekrak gestaan het? Sewentien volumes van alles wat jy al ooit oor die wêreld wou weet, nou vervang met Google en Wikipedia.

'n Artikel in die *Quarterly Journal of Economics*, een van die gesaghebbendste joernale oor die ekonomie, het my dié week weer aan *Kennis* laat dink. Die skrywers, Mara Squicciarini en Nico Voigtländer (kom ons noem hulle maar net Mara en Nico), ondersoek die uitwerking van mensekapitaal (ekonome se manier om na onderwys en opleiding te verwys) op ekonomiese groei. Nou ja, enige regdenkende persoon sal tog weet dat onderwys waarskynlik die belangrikste faktor is vir 'n groeiende ekonomie. Ons weet baie van Suid-Afrika se probleme kan toegeskryf word aan ons lendelam skoolstelsel. En kyk, die statistieke toon dat ryk lande ook die beste onderwysstelsels het. So hoekom moet ons verder hieroor wonder?

Mara en Nico beklemtoon iets wat ekonomiese geskiedkundiges al lankal weet, maar katvoet vermy: Die Nywerheidsomwenteling wat in die middel van die agtiende eeu in Europa begin het, het plaasgevind vóór die ontwikkeling van 'n groot openbare skoolstelsel. Die dramatiese toename in lewenspeil het die ontwikkeling van 'n skoolstelsel veroorsaak, eerder as wat die skoolstelsel tot 'n beter lewenspeil aanleiding gegee het. In ekonomiese terme gesê: die oorsaaklikheid loop van ekonomiese groei na onderwys, en nie andersom nie.

Dit sê natuurlik nie dat massa-onderwys onbelangrik is nie, maar net dat dit nie noodwendig die sleutel is wat ekonomiese transformasie gaan ontsluit nie. So, wat is hierdie sleutel dan? Mara en Nico sê dit is nie soseer dat almal in 'n samelewing moet kan lees en skryf nie. Dit is belangriker dat daar 'n groepie individue is met hoogs tegniese kennis wat hulle toelaat om nuwe tegnologie te ontwikkel en innovasies van elders na te boots. Sodoende word nuwe produkte ontwikkel wat werkers (selfs ongeskoolde werkers) meer produktief maak en word die lewenspeil van 'n groter groep mense verhoog.

Maar hoe bewys hulle hierdie idee is geldig? Hulle gebruik lidmaatskap aan die *Encyclopédie*, 'n wetenskapstydskrif wat in die agtiende eeu in Frankryk versprei is, en korreleer die aantal intekenare per stad met die ekonomiese groei van daardie stad. Hulle het bevind hoe meer *Encyclopédie*-intekenare in 'n stad was, hoe vinniger het daardie stad se ekonomie gegroei ná die ontdekking van innovasies soos die Spinning Jenny en die stoomenjin. (Daar was geen korrelasie voor die ontdekking van hierdie innovasies nie.) En dis nie net omdat hierdie stede meer mense, of meer skole gehad het nie. Inteendeel, groot stede het nie noodwendig baie intekenare gehad nie.

Dit was eerder die teenwoordigheid van mense wat die *Encyclopédie* kon lees, wat die innovasies van die Nywerheidsomwenteling kon naboots en self ondernemings kon begin wat daaruit voordeel kon trek.

Miskien is Suid-Afrika dan ook nie verdoem tot ellende weens ons swak (en skynbaar onveranderbare) skoolstelsel nie. Miskien het ons eerder 'n konsentrasie van hoogs tegniese ingenieurs en sakelui nodig wat innovasies elders kan raaksien en naboots vir die plaaslike konteks. Miskien kan hulle selfs nuwe tegnologieë ontwikkel wat die gemiddelde werker meer produktief maak of kostes verlaag. Dink aan innovasie-spilpunte in Afrika soos Nairobi in Kenia, Accra in Ghana, Lagos in Nigerië en Addis Abeba in Ethiopië. Hierdie lande het beslis nie massa-onderwys van hoë gehalte nie, maar daar is innovasie en snelle ekonomiese groei.

Die geheim is natuurlik om dit vir hierdie hoogs tegniese entrepreneurs so maklik as moontlik te maak om te innoveer. Die Suid-Afrikaanse owerhede kan dit regkry deur administratiewe rompslomp te verminder, dit makliker te maak om geskoolde buitelanders aan te stel, die land se vervoer-infrastruktuur te verbeter en hoë-spoed-internettoegang te prioritiseer.

> “Slim, strategiese beleidsbesluite kan geweldig baie doen, selfs in die teenwoordigheid van enorme strukturele uitdagings.

'n Swak onderwysstelsel is hartseer en onregverdig, en dit beteken dat daar minder hoogs tegniese entrepreneurs gaan wees. Dit is egter nie op sigself 'n verdoemenis nie. 'n Land kan steeds vinnig groei al is sy onderwysstelsel nie op wêreldvlak nie. Soos ekonome se kennis van die verlede verbreed, so verstaan ons beter wat die dringendste beleidsveranderinge moet wees om die ekonomie te laat groei. Daar is baie dinge wat die regering kan en moet doen om die ekonomie aan te spoor. Maar as ons vir al daai goed wag om gelyk te gebeur, gaan ons lank wag. Maak dit eerder vir entrepreneurs met hoogs gespesialiseerde kennis so aanloklik moontlik om hul eie ondernemings te begin. Lê klem op die opleiding van ingenieurs, wetenskaplikes en rekenaarprogrammeerders om die kennis-elite te vergroot en stel grense oop vir buitelanders met opleiding in hierdie rigtings. Laat stede meeding om hierdie mense te huisves, want burgemeesters weet 'n groter groep superslim-spesialiste sal help om meer werk te skep. Vra maar vir Stellenbosch se Conrad Sidego.

Slim, strategiese beleidsbesluite kan geweldig baie doen, selfs in die teenwoordigheid van enorme strukturele uitdagings. Kennis is mag, selfs vir burokrate.

■ *Dr. Johan Fourie is 'n senior dosent in die departement ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*